De Wet, Reza

# Drie susters II

*Brünner Beiträge zur Germanistik und Nordistik.* 1999, vol. 13, iss. Sonderheft, pp. [343]-345

ISBN 80-210-2055-5
ISSN 1211-4979

Stable URL (handle): https://hdl.handle.net/11222.digilib/105875
Access Date: 22. 02. 2024
Version: 20220831

Terms of use: Digital Library of the Faculty of Arts, Masaryk University provides access to digitized documents strictly for personal use, unless otherwise specified.

MUNI ARTS Masarykova univerzita Filozofická fakulta

Digital Library of the Faculty of Arts, Masaryk University
digilib.phil.muni.cz

SBORNÍK PRACÍ FILOZOFICKÉ FAKULTY BRNĚNSKÉ UNIVERZITY
STUDIA MINORA FACULTATIS PHILOSOPHICAE UNIVERSITATIS BRUNENSIS
R 4 – Sonderheft, 1999

REZA DE WET

# DRIE SUSTERS II[1]

**Wersjinin** (*bly sit by die tafel. Sag.*): Wat is dit?

**Masja** (*laggie*): O, ek weet wat jy dink... Jy dink dis Marofski... Dat hy my ongelukkig maak. Ja, ek weet hy het 'n reputasie. So 'n paar weke na ek saam met hom weg is... alles vir hom opgeoffer het... het hy een nag nooit huis toe gekom nie, en toe ek die volgende oggend vra waar hy was... (*Laggie*) het hy gesê: "My liefling, jy dink tog nie jy is genoeg vir my nie." Ek het gevoel asof ek sou sterf. Ek wou weggaan... Dadelik weggaan... Maar ek kon nie! As hy net na my kyk... aan my raak... Ek was heeltemal verlore... Asof ek deur 'n diep, donkerstroom meegesleur word en niks daaraan kon doen nie. Vir jare het dit so aangegaan. En toe... het iets gebeur. Dit was sommer 'n kleinigheidjie. (*Bars uit van die lag. Sukkel om tussen die lag deur te praat*) Een nag... het hy weer laat by die huis gekom... en sommer in sy klere aan die slaap geraag. Net sy skoene uitgeskop. En toe sien ek skielik... hoe klein sy voete is. So klein soos 'n vroe se voete. Hy het gestreepte sokkies aangehad, en aan die punt van elkeen, het... 'n... stukkie wit... garing... in die lug opgestaan. (*Wys met haar twee wysvingers, hyg na asem en vee haar oë af*) Snaaks... maar daarna het ek sterker geword en hy... Dit was asof hy skielik bang was om my te verloor. (*Staan op en loop na die venster*) Maar dis nie Marofski nie... Arme Marofski... Dis veel erger as dit. (*Draai om en kyk na hom*) Dit raak nie net vir my nie... maar vir ons almal.

**Wersjinin:** Sê vir my.

**Masja:** Ons is nie meer veilig nie. Hulle soek na my... Na my en my familie.

**Irina** (*buite*): Masja! Masja!

1 P. 42–44 van die stuk, voorgedra te Olomouc.

**Masja** (*leun oor, steek haar kop by die venster uit*): Ek kom nou!

**Wersjinin:** Wat het gebeur? Sê vir my?

**Masja:** Marofski is gearresteer.

**Wersjinin:** Dis verskriklik!

**Masja:** Iemand het my kom sê om dadelik pad te gee... en om my familie te kom waarsku.

**Wersjinin:** Maar Andrei is tog op die dorpsraad. Hy werk tog vir die Bolsjewieks!

**Masja:** Hulle's toegelaat om aan te bly in die huis... Andrei het 'n werk gekry...

**Wersjinin** (*kyk na Masja*): Marofski?

**Masja** (*knik*): Alles Marofski. Om my onthalwe.

**Wersjinin:** Ek sien...

**Masja:** Daar is 'n plek waar ons kan wegkruip in Moskou. En jy moet saamkom... Natuurlik moet jy saamkom.

**Wersjinin** (*stil*): Ek kan nie. Ek het nie identiteitsdokumente nie. Ek is 'n voortvlugtige. Ek kan nêrens gaan nie.

**Masja** (*gaan staan agter Wersjinin en sit haar hande op sy skouers. Sy rus haar wang teen sy hare*): Wersjinin... Wersjinin... Ek het gedink ek sou jou nooit weer sien nie. Toe ek jou gevra het, het jy gesê "Nooit weer nie... " As ek so naby jou is, is dit asof ek weer onthou... Dis was so... soet... So eenvoudig saam met jou... As jy nooit weggegaan het nie... Wie weet... Was alles miskien anders.

**Wersjinin** (*stil*): Ja... Miskien.

**Irina** (*buite*): Masja! Waar bly jy so lank!

**Masja** (*na die venster*): Ek kom dadelik! (*Kyk na Wersjinin*): Arme klein Irina. Sy is natuurlik verlief op jou. Maar jy weet dit seker.

*Wersjinin kyk voor hom uit.*

**Masja** (*haal haar skouers op*): Nou ja... Wat kan 'n mens daaraan doen. Wersjinin... hoe sal ek vir hulle sê? Olga weet, maar nie die ander nie. Ons sal op die vroeë trein na Moskou moet gaan. Maar hoe sal ek ooit vir hulle sê? Hulle hele wêreld... Wat daarvan oorgebly het... Jy sal my moet help... Jy sal vir my krag moet gee. (*Loop na die gangdeur. Draai om*) Liewe Wersjinin... Ons sal aan iets dink. (*Vinnig uit*)